# HEBREËRS 10: 1-13

## TEMA: GOD SE VERSOENOFFER AAN DIE MENS

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREERS 10:1-13**

**Heb 10:1 Want die wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie.**

**Heb 10:2 Anders sou hulle opgehou het om geoffer te word, omdat die wat die diens verrig, nadat hulle een maal gereinig is, geen bewussyn meer van sondes sou gehad het nie.**

**Heb 10:3 Maar in dié offers is daar jaar na jaar 'n herinnering aan die sondes;**

**Heb 10:4 want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem.**

**Heb 10:5 Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei.**

**Heb 10:6 Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie.**

**Heb 10:7 Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom—in die boekrol is dit van My geskrywe—om u wil te doen, o God.**

**Heb 10:8 Nadat Hy hierbo gespreek het: Slagoffer en spysoffer en brandoffers en sondoffers wou U nie hê en het U nie behaag nie—wat volgens die wet geoffer word—**

**Heb 10:9 het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom om u wil te doen, o God. Hy neem die eerste weg om die tweede te stel.**

**Heb 10:10 Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal.**

**Heb 10:11 En elke priester staan wel dag vir dag om die diens waar te neem en dikwels dieselfde slagoffers te bring wat tog nooit die sondes kan wegneem nie;**

**Heb 10:12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God**

**Heb 10:13 en wag nou verder totdat sy vyande gemaak is 'n voetbank van sy voete.**

-o0o-

### 1. SONDEVAL

#### i) Priester Offerandes

**Heb 10:1 Want die wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie.**

Let baie mooi op wat hy sê: ***weldade***

**Heb. 10: 2 Anders sou hulle opgehou het om geoffer te word, omdat die wat die diens verrig, nadat hulle een maal gereinig is, geen bewussyn meer van sondes sou gehad het nie.**

Die priesters wat in die ou verbond die offers werke gedoen het, moes hulleself eers reinig.
- Die **hoëpriesters** moes hulself **jaarliks** reinig.

-o0o-

- Die ander priesters moes hulself, elke keer wanneer die mense die offers inbring, reinig.

As hierdie eerste verbond dan gewerk het, moes hulle dit net eenkeer gedoen het en nooit weer daarna nie. Hulle sou dan net vir die volk geoffer het en nie vir hulleself nie. Die priesters was ook van hierdie wêreld en daarom moes hulle ook jaarliks vir hulleself offer. Die offer kon hulle nie regtig versoen het nie en daarom was dit maar alles net 'n pleister op die seerplek, as ek dit so kan stel. Dit was maar altyd net tydelike oplossings.

**Heb. 10: 3 Maar in dié offers is daar jaar na jaar 'n herinnering aan die sondes;**
**Heb. 10: 4 want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem.**

### ii) Vloeke by Sondeval

Toe Adam en Eva in die Tuin van Eden gesondig het, is daar vyf vloeke uitgespreek.

- Die vloek teenoor Adam,
- die vloek teenoor Eva,
- die vloek teenoor die slang,
- die vloek teenoor die duiwel, maar ook,
- die vloek teenoor die aarde.

Die aarde sou dorings en dissels voortbring. Alles wat die aarde sou voortbring sou vervloek wees. Alles wat uit die aarde sou kom sou 'n vloek dra. As gevolg van die mens se sondes, is die hele aarde, alles wat in die aarde en op die aarde is, vervloek.

- *'n Vloek kan nie 'n vloek loskoop nie.* Net 'n soewereine offer, wat buitekant die vloek is, kan daardie vloek breek.

Die aarde kon daarom niks oplewer nie. Dit is wat die skrywer bedoel by ***die bloed van stiere en bokke***. Selfs hierdie priesters kon nie hierdie versoening bring nie. Dit was maar alles net tydelike oplossings tot die volgende een ......... en weer tot die volgende een.

- Iets of iemand buitekant hierdie vloek, moes daarom 'n realiteit word.
    - *Christus moes in hierdie vloek kom, sodat die vloek op Hom kon kom, sodat Hy die vloek kon absorbeer.*

Ek het so 'n tyd terug gepraat oor die Eersteling Offer wat ons moet doen. Net die eersteling offer absorbeer die vloek op geld en op die opbrengste van die aarde. Die wat in Hom is kan dan vrymaking kry, soos Jerigo. Jerigo het die vloek geabsorbeer sodat die res van die land geseënd kon wees. Dit is wat God bedoel het met die banvloek.

- Hy het iets met die banvloek getref, maar dit moes iets van buitekant af wees wat die skuld kan vereffen.

## 2. VERSOENING

**Heb. 10: 5 Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei.**

**Heb. 10: 6 Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie.**

Daar was niks op die aarde wat die versoening kon bring nie, want die versoening was **nie** tussen die *aarde en God* nie.

- Die versoening was egter tussen God en die aarde.
- Dit is altyd die een wat met die versoeningsaanbod kom, wat die versoening gee.

As jy kwaad is vir iemand en iemand is kwaad vir jou en jy wil gaan regmaak, dan kom jy met die versoeningsaanbod. Jy moes eers oorwinning gekry het oor daardie saak, sodat jy vry kon word van

daardie saak en dan kon jy die persoon om vergifnis gaan vra. Jou aanbod van vergifnis sou so 'n persoon dan ook heel moontlik uit die situasie red, of hy kon daar bly. Dit is sy keuse, maar dan is jy vry van dit.

### i) God se Versoeningsoffer

Dieselfde het met God gebeur. Hy was **nie in** hierdie wêreld gewees nie. Dit was wel Sy skepping gewees, maar die aarde was nou vervloek en daarom moes God self die versoening bring.

- Die versoening het van God gekom en daarom moes Hy die verskoning of te wel die versoeningsoffer bring. Hy het Sy Seun; die Woord, in Maria geplaas. *Daar was geen bevrugting nie*.

Die Woord is in sy volheid in Maria geplaas, want die engel Gabriel het die Woord na Maria toe gebring. Die Bybel sê, Maria het die Woord:

i) aanvaar;
ii) dit aangeneem en
iii) in haar binneste bewaar, so daar was geen bevrugting nie.

- Sy was slegs net die <u>instrument</u> wat die Woord na vlees toe moes oorsit. Dit was al.
- Sy was die <u>verbintenis</u> op daardie stadium, tussen die geestelike en die fisiese en daarom het die Woord vlees geword.

Dit was 'n offer wat God gegee het (Jesus). Dit was skoon, rein, heilig en sonder vlek, sodat Hy **in** hierdie aarde kon kom.

- Hy (Jesus) kon die vloek absorbeer.
- Hy het die vloek op Hom geneem.

- Hy het die vloek geword, sodat die wat in Hom is, vry kon kom van die oordele van die wet.
- Die wat Hom aanvaar het en wat die versoeningsprys, die verskoning van die Vader, aanvaar het, kon dan vry kom van die oordele van die wet.

Die Bybel sê vir ons dat die wat nie in Christus is nie, nog steeds in die veroordeling van die wet staan. Hulle sal dan nog steeds volgens die wet geoordeel word, want dit is net Christus wat die versoenings-prys gebring het vir die wet. Ons is daarom nou vry van die wet. Ons kan los beweeg van die wet.

### ii) Die Prys

**Heb. 10: 7 Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom — in die boekrol is dit van My geskrywe — om u wil te doen, o God.**

Hierdie wil van God was versoening. Daar is niks anders as versoening nie, want volgens Joh. 3:16 het God die wêreld so lief gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het. (Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het (Matt 17:5)).

Hy het gekom om die versoeningsprys te gee, want dit was nie die mens se liefde na Hom toe nie, ***dit was Sy liefde na die mens toe.*** Hy het uitgereik na ons toe. Hy het Sy Seun aangebied as versoeningsprys. Hy het Sy Seun, wat nie 'n vloek was nie, gegee om die vloek te word, sodat ons nie meer onder die vloek sal staan nie. Met die woorde ***om u wil te doen, o God*** sê Hy, dat Hy eintlik hierdie prys is wat God vir die mens gee.

**Heb. 10: 8 Nadat Hy hierbo gespreek het: Slagoffer en spysoffer en brandoffers en sondoffers wou U nie hê en het U nie behaag nie — wat volgens die wet geoffer word —**

Dit het God ***nie behaag nie*** want dit het nie die werk gedoen nie.

-o0o-

## 3. GOD SE WIL

### i) Wet en Profete word Oorskadu

**Heb. 10: 9 het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom om u wil te doen, o God. Hy neem die eerste weg om die tweede te stel.**

Hy neem die WET weg, sodat die **tweede**, Christus Jesus, die volmaaktheid van die wet en die profete, hulle oorskadu, sodat die eerste nie meer gesien kan word nie.

### ii) Eiendomsreg

**Heb. 10: 10 Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal.**

Julle verstaan nou, dat dit die versoeningsprys is wat die Vader gebring het vir die mensdom.

- Dit is die aanbodprys.
- Dit is die prys wat Hy betaal het.
- Hy het ons gekoop.

Jy stap in 'n winkel om 'n botteltjie water te koop. Jy neem die botteltjie water en jy sit jou geld neer. Jy gaan nie môre of die daaropvolgende dag weer geld neersit nie. Jy het dit eenmaal gekoop. Die oomblik toe jy dit koop, word dit jou eiendom en behoort aan jou. Jy hoef nie meer verskoning te maak of verduidelik nie. Die persoon wat die botteltjie water gemaak het en al die mense wat tot en met daardie dag deel was met die maak van daardie produk, kan geen houvas meer daarop hê nie, want jy het dit gekoop. Die prop, die bottel, die water en etiket is alles deur verskillende mense gemaak. Die verspreider, die winkelier, die persoon wat die botteltjie af gevee het, die persoon wat dit in die rakke gepak het, het geen houvas daarop nie, aangesien die oomblik toe jy jou geld neergesit het, het dit jou eiendom geword. ('n Transaksie is afgehandel). Niemand het nou enige seggenskap nie, want jy het dit nou eenmaal gekoop en dit behoort aan jou. Die botteltjie water het nou 'n ander eienaar.

Al die vorige 8 groter (major) verbonde en enige wette verwys na hierdie botteltjie water. Dit is soos die vervulling van die wil van die Vader.

- God die Vader, het hierdie soewereine, heilige prys kom neersit vir die mensdom.
- Hy het ons gekoop met Sy bloed, met die bloed van die Lam, sodat ons nou verewig aan Hom kan behoort.

Die eienaar is nou God die Vader self. Aangesien jy nou die wettige eienaar van daardie botteltjie water is, kan niemand jou voorskryf wat om met daarmee te maak nie. Net jy self kan besluit en het alleenreg. Dit is presies wat Jesus hier sê in hierdie Woord. Hy sê ***Kyk, Ek kom om u wil te doen, o God. Hy neem die eerste weg om die tweede te stel*.**

- Die wat eerste gekom het, is tweede en die een wat tweede gekom het is nou eerste. *Die tweede het die eerste oorskadu.*

### iii) Christus dra nou die Vloek

Ons is nou heilig, want as ons aan die Vader behoort is ons heilig. Ons is dan *buitekant* die vloek, want Christus het vir ons die vloek geword. Dit is nie nodig dat Hy dit elke dag en elke jaar moet doen nie. Hy het dit eenmaal geword. Hy was die perfekte prys wat betaal is. Die geld is neergesit soos wat die botteltjie water aan jou behoort.

**Heb. 10: 11 En elke priester staan wel dag vir dag om die diens waar te neem en dikwels dieselfde slagoffers te bring wat tog nooit die sondes kan wegneem nie;**

Hulle kon nie die sonde wegneem nie, want hulle was self vol sonde en vloeke. 'n Ding wat vervloek is kan nie 'n ander vloek wegneem nie. Net iets wat soewerein en heilig is kan 'n vloek wegneem. Dit is tog logies.

**Heb. 10: 12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God**

-o0o-

**Heb. 10: 13 en wag nou verder totdat sy vyande gemaak is 'n voetbank van sy voete.**

Mense, Christus het eenkeer hierdie vloek kom breek en eenkeer vir satan teruggesit op sy plek, die plek waar hy veronderstel is om te wees. Satan is uitgeklee, kragteloos, magteloos en sonder gesag. Die Vader het alles geïmplementeer (ten uitvoer gebring) in Christus. Christus het gekom om die wil van die Vader te doen. Hy het gekom om die Vader te verheerlik en om die spieëlbeeld van die Vader te wees. Christus het nou die opdrag aan ons oorgegee en gesê dat ons nou hierdie duiwel vir eens en vir altyd op die plek moet hou waar Hy hom geplaas het. Hy het gesê dat ons vir Hom en die Vader moet wys hoe ons hierdie duiwel onder ons voete kan hou.

- Moet hom nie weer krag gee nie;
- Moet nie een word met hom nie;
- Moet nie meer vir hom plek gee nie;
- Moet hom nie weer in ‘n posisie van gesag plaas waar Christus hom uitgehaal het nie.

Wat Hy eintlik sê is, dat ons nie weer die duiwel in ‘n plek moet plaas waar hy nie veronderstel is om te wees nie. Ons moet hom onder ons voete hou.

-o0o-